Agri SA

Mediaverklaring

Privaatsak X180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks +27 (0)12 663 3178

3 April 2017

AGRI SA BEHOU SY REGTE VOOR OOR SKALIEGAS-ONTWIKKELING

“Ons het kennis geneem van mnr Zwane, die minister van minerale hulpbronne, se aankondiging gister dat skaliegas-ontginning in die Karoo-gebied binnekort sal begin, sê Johannes Möller, president van Agri SA. Hy sê dat die minister aangedui het dat gegrond op die balans van wetenskaplike bewyse, die regering besluit het om hiermee voort te gaan, wat as’t ware beteken dat daar geen werklike sekerheid oor die moontlike impak en gevolge van hierdie mynbedrywighede is nie.

“Alhoewel ons ten volle bewus is van ons land se internasionale ondernemings ten opsigte van koolstofvermindering en skoner lug, is ons nie daarvan oortuig dat dit nie op ‘n ander wyse bereik kan word nie, d.w.s veral windplase, aangesien kostes in hierdie verband in die jongste tyd skerp afgeneem het. Ons is ook bewus van die noodsaaklikheid van ekonomiese ontwikkeling, maar kan egter nie ons onvoorwaardelike ondersteuning gee aan die onbekende terrein wat skaliegas-ontginning in Suid-Afrika behels nie, veral gegewe die onsekerhede wat steeds bestaan oor die impak van hierdie aktiwiteite op die beperkte waterhulpbronne in die Karoo-gebied.

Möller sê Agri SA het waardering vir die minister se versekering dat alle regsmaatreëls in plek gestel en toegepas sal word, ten einde skaliegas-ontginning ‘n lewensvatbare en volhoubare opsie te maak. "Ons as ‘n organisasie, het egter ‘n verantwoordelikheid teenoor ons lede om die betrokke aktiwiteite deeglik te kontroleer. Indien enige skade wat ookal sou plaasvind, sal ons redelike en billike vergoeding eis. Ons doen ‘n beroep op die regering om selfs op hierdie vroeë stadium te beraadslaag oor riglyne in hierdie verband. Agri SA sal, indien nodig, dit oorweeg om omgewingspesialiste aan te stel om die aktwiteite te monitor, selfs gedurende die eksplorasie-fase wat blykbaar nou sal begin.”

Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

Navrae

Johannes Möller, President Agri SA, 082 647 8481
Wayman Kritzinger, Voorsitter Agri SA se Natuurlike Hulpbronbeleidskomitee, 082 926 8777